# PSALM 84
## Wie het die reg om God *Vader* te noem?

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: PSALM 84**

**PSALM 84:1 Vir die musiekleier; op die Gittiet. Van die kinders van Korag. 'n Psalm.**
**Psalm 84:2 Hoe lieflik is u woninge, o HERE van die leërskare!**
**Psalm 84:3 My siel verlang, ja, smag na die voorhowe van die HERE; my hart en my vlees jubel uit tot die lewende God.**
**Psalm 84:4 Selfs vind die mossie 'n huis en die swaweltjie 'n nes vir haar, waar sy haar kleintjies neerlê, naamlik u altare, HERE van die leërskare, my Koning en my God!**
**Psalm 84:5 Welgeluksalig is hulle wat woon in u huis; hulle prys U gedurig. Sela.**
**Psalm 84:6 Welgeluksalig is die mens wie se sterkte in U is, in wie se hart die gebaande weë is.**
**Psalm 84:7 As hulle deur die Droë Laagte trek, maak hulle dit 'n fonteinland; ook oordek die vroeë reën dit met seëninge.**
**Psalm 84:8 Hulle gaan van krag tot krag; elkeen van hulle sal verskyn voor God in Sion.**
**Psalm 84:9 HERE, God van die leërskare, hoor my gebed; luister tog, o God van Jakob! Sela.**
**Psalm 84:10 o God, ons skild, kyk en aanskou die aangesig van u gesalfde.**
**Psalm 84:11 Want 'n dag in u voorhowe is beter as duisend; ek wil liewer by die drumpel staan in die huis van my God as om te woon in die tente van goddeloosheid.**
**Psalm 84:12 Want die HERE God is 'n son en skild; die HERE sal genade en eer gee; Hy sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie.**
**Psalm 84:13 HERE van die leërskare, welgeluksalig is die mens wat op U vertrou!**

-o0o-

Ek seën elkeen in die naam van onse Here Jesus Christus. In my stilte tyd lees ek Psalm 84 en iets baie kosbaars het by my opgekom en ek wil dit graag met julle deel.

**PSALM 84:1** Vir die musiekleier; op die Gittiet. Van die kinders van Korag. 'n Psalm.
Psalm 84:2 Hoe lieflik is u woninge, o HERE van die leërskare!
Psalm 84:3 My siel verlang, ja, smag na die voorhowe van die HERE; my hart en my vlees jubel uit tot die lewende God.
Psalm 84:4 Selfs vind die mossie 'n huis en die swaweltjie 'n nes vir haar, waar sy haar kleintjies neerlê, naamlik u altare, HERE van die leërskare, my Koning en my God!

Kyk net hoe besing die kinders van Korag God as hulle Vader, as hulle Koning, as hulle Leier, as hulle Hoof. Dan sê hy:

Psalm 84:5 Welgeluksalig is hulle wat woon in u huis; hulle prys U gedurig. Sela.

### 1. Die Huis van die Here

Jesus sê "glo in die Vader, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings"

-o0o-

**Johannes 14:1** Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.
Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

*…"In die huis van my Vader."…* Nou wat is daardie *huis*?

- Dit is die Nuwe Verbond.
- Dit is daardie nuwe plek wat God geskape het vir ons in Christus Jesus.

In Johannes is geskryf, God die Vader het Christus ons Here gemaak. Hy het 'n ander plek vir Hom gemaak. Hy het Hom geskep in 'n nuwe verbond vir ons, tot ons voordeel.

Psalm 84:5 Welgeluksalig is hulle wat woon in u huis; hulle prys U gedurig. Sela.

Mense vra baie keer hoe prys mens God gedurig.

- Dit is nie deur heeltyd liedjies te sing, en heeltyd te loop en bid nie.
- Dit is 'n liefdesverhouding.
- Dit is om altyd in Sy teenwoordigheid te wees, om Hom as Vader altyd te eer en te respekteer – om in daardie verbond te bly.

Maak nie saak of ons nou eet of nou drink nie, en of ons nou slaap en of ons nou loop, ons moet dit alles doen tot eer van die Here - saam met Hom in Sy wil. 1 Korinthiërs 10:31 Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.

## 2. Wie het die reg om God Vader te noem?

As jy nie in daardie plek is wat ek nou van gepraat het, het jy geen reg om Hom ***Vader*** te noem nie.

- Jy kan hom alleenlik ***Vader*** noem as jy in daardie verhouding staan,

Dit is waarom Hy sê: *Baie sal sê Here Here en dan sal Hy vir hulle sê maar Ek ken julle nie, gaan weg van My. Julle het net die naam Here geken, maar julle het My nooit as Vader gerespekteer of 'n verhouding met My gehad as Vader en kind nie.*

Dit het my geruk!

- Dit is die rede waarom baie Hom nie ***Vader*** kan noem nie.

Ek het dit al gesien, hulle praat van God en Here en noem al die Hebreeuse name en ja Hy is dit, maar Sy keuse is om ***Vader*** te wees.

- Soos Hy Christus se Vader is, só wil Hy ons Vader wees.
- Maar as ons nie in die daardie plek is nie, kan ons Hom nie ***Vader*** noem nie, dit is onmoontlik, want anders is dit net nog 'n klank of 'n geluid wat jy maak.

Daardie diepe woord van ***Vader***, die respek, die eer en daardie eerbied van wie Hy werklik is deur Christus Jesus vir my en vir jou, kan en wil jy Hom niks anders noem as ***Vader*** nie, want Vader is so 'n diepe naby verhouding, soos Christus en die Vader een is. Jesus Christus *bid "soos Ek en U een is, so moet Ons saam met hulle een wees."*

- Ons kan nie anders nie, ons moet één met Hom word, want die Heilige Gees bring vir ons in daardie plek in, sodat ons deel kan wees van hierdie Drie-eenheid. Die Bybel sê duidelik hulle wat deur die Gees van God gelei word is kinders van God.

Romeine 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

-o0o-

## 3. Resultate deur jou plek te okkupeer

Sodra ons daardie plek vul, kan ons Hom ***Vader*** noem, dan sê Hy *welgeluksalig is hulle wat woon in U huis*:

- Welgeluksalig is hulle wat in hierdie verbond is;
- Welgeluksalig is hulle wat U gedurig prys.
- Hy wil niks meer wees as Vader vir ons nie.
- Hy is klaar alles.
- Ons kan Hom nie groter of sterker maak nie, maar ons kan Hom Vader maak.
- Dit is Sy hartsbegeerte.
- Ons prys Hom voortdurend, deur Hom te eer as ons Vader, maar ons moet Hom eer soos Hy geëer wil word en nie soos ons Hom wil eer nie.

Sit Hom vandag in 'n kas, haal Hom uit, môre sluit ons weer Hom toe dan ken ons Hom nie. Nee, nee, nee!

- Dit is 'n gedurige liefdes-Vader- 'n kindverhouding!

## 4. Seëninge Volg

En kyk net die seëninge wat agterna kom:

Psalm 84:6 Welgeluksalig is die mens wie se sterkte in U is, in wie se hart die gebaande weë is.
Psalm 84:7 As hulle deur die Droë Laagte trek, maak hulle dit 'n fonteinland; ook oordek die vroeë reën dit met seëninge.

God se seëninge volg ons gedurigdeur, al gaan ons in 'n droë land - dit word 'n fonteinland, juis omdat God saam met ons in hierdie verhouding is.

Psalm 84:8 Hulle gaan van krag tot krag; elkeen van hulle sal verskyn voor God in Sion.
Psalm 84:9 HERE, God van die leërskare, hoor my gebed; luister tog, o God van Jakob! Sela.
Psalm 84:10 o God, ons skild, kyk en aanskou die aangesig van u gesalfde.
Psalm 84:11 Want 'n dag in u voorhowe is beter as duisend; ek wil liewer by die drumpel staan in die huis van my God as om te woon in die tente van goddeloosheid.

Daar erken die Psalmis dit:

- Hy verkies om eerder te staan op die drumpel van U huis, voor ek woon in tent van die goddelose, want daar is niks vir my daar nie.
    - Ek wil nie wees waar satan is nie, ek wil niks met satan te doen hê nie, want daar is net moeilikheid en probleme. Die Here se seëninge, goedheid en guns volg ons al die dae van ons lewe, ter wille van Christus Jesus onse Here en die Heilige Gees wat in ons is - net so lastig is satan en agtervolg sy probleme jou.
    - Die Vader sal nie die Heilige Gees skade aan doen nie, want as die Heilige Gees in ons is, sal Hy ons met baie liefde hanteer, al fouteer ons partykeer, dit maak nie saak nie, juis as gevolg van die Heilige Gees in ons.

Pasop egter, dat dit nie 'n valse gees word, of dat ons die Heilige Gees bedroef en Hy dan van ons af weggaan soos met Saul en 'n ander gees ons dan okkupeer; sodoende verkeer jy dan onder die wanindruk ons is reg, maar in teendeel is ons geensins reg nie en daardie gees sal ons dan verwoes.

## 5. Wandel Opreg

**Psalm 84:12** Want die HERE God is 'n son en skild; die HERE sal genade en eer gee; Hy sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie.

-o0o-

- Hy sal die goeie nie weg neem nie,
- Ons sal aan geen goeie enige te kort hê as ons in opregtheid wandel nie.

**Hoe wandel ons in opregtheid?**

- Om te woon in die Vader se huis - in die verbond.
- Deur Hom gedurig deur te prys, deur 'n Vader–kind verhouding te hê.

Dit is nie om heeldag op die knieë te staan en bid, of vyf keer per dag drie hoofstukke van die Bybel te lees nie. Dis nie waaroor dit gaan nie. Dit gaan oor daardie Vader-kind, kind-Vader-verhouding weerskante toe soos dit geskrywe staan in die Bybel. Nie soos godsdiens of ek myself dit wil hê nie. maar soos die Gees van God my lei om te doen. Daarom sê ek *hulle wat deur die Gees van God gelei word, die is kinders van God.*

**Psalm 84:13 HERE van die leërskare, welgeluksalig is die mens wat op U vertrou!**

Wil jy vandag welgeluksalig wees, wil jy val onder hierdie laaste versie?

- Kom, ons kom hierdie dinge na mense. Dit is so maklik!
- Maak Hom jou Vader kom in daardie verhouding en stel Hom in alle omstandighede altyd eerste, al kos dit jou alles, want dit gaan jou jou alles kos.
- Jy sal moet baie op die altaar lê ter wille van sy Naam.
- Jy sal moet vakansies opoffer - jy sal besittings moet opoffer, want Christus het vir ons alles opgeoffer - die Vader het vir ons alles opgeoffer.

Hy gaan nie met 'n halwe offer tevrede wees nie. God die Vader haat gebreklike offers, Hy het nog nooit 'n welbehae gehad in gebreklike offers nie. Dit gaan jou alles kos!

Mag die Here julle seën.

-o0o-

**Matthéüs 7:21** Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Matthéüs 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?
Matthéüs 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

**Wat is die betekenis van die woord Welgeluksalig:**

Ons kan dit opbreek in drie dele:

**WEL –** Dit gaan goed, jy is nie siek nie, jy het nie tekort nie

**GELUK –** Bly, lag, verheug, dit borrel in jou, staat van ekstase, nie vyande nie

**SALIG** – Rustig, nie bekommerd nie, ek weet waar ek heengaan as ek sterf.

Driemaal goed gaan met ons. **Wel – Liggaam, Geluk – Siel, Salig – Gees**

"Gelukkig, geseënd, salig, gesond en tevrede" staan eintlik oor die hele Psalmbundel geskryf – al 150 Psalms.

Die Bybel in Afrikaans 1933/1953 se driedubbele wel-geluk-salig beskryf dit deeglik: geseënd, geseënd, geseënd!
Die Psalmbundel se doel is om ons op 'n gelukkige en geseënde lewe te wys.

So 'n lewe is altyd 'n lewe met God, 'n lewe in verhouding met Hom.

-o0o-